# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 207
21 Oktober 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Persverklaring**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

Geloof en getrouheid.

Die afgelope week is daar ‘n interessante stuk navorsing onder my aandag gebring. Die bevindings van hierdie navorsing vertel ons nie net iets oor die stand van die Evangelie in die VSA nie, maar laat my wonder oor die getrouheid aan die Bybel in ons eie konteks hier in Suid Afrika, in die besonder onder ons volksgenote.

Twee instansies het in samewerking die teologiese temperatuur van die VSA probeer bepaal. Ligonier Ministries en LifeWay Research het hulle twee-jaarlikse opname gedoen aan die hand van sekere vrae. Die artikel handel oor die resultate van hulle navorsing na die vraag oor die staat van teologie in die VSA. Dit kyk met ander woorde na die vlak van teologiese begrip en getrouheid rondom sekere sake wat (in hierdie geval) eie is aan ons tyd. Kom ons vertaal en som eers die resultate op.

Die volgende is ‘n uittreksel uit die vrae en die relevante antwoorde:

- Verander God? Volwassenes antwoord met ‘n meerderheid van 51% dat God wel verander, leer en aanpas na aanleiding van wat in die wêreld gebeur. Daarteenoor is die Skrif (en die belydenisskrifte) duidelik daaroor dat die Here nie verander nie, Hy bly dieselfde Ewige Wese.
- Word mense onskuldig (sonder sonde) gebore in God se oë? ‘n Volle 71% van volwassenes het met “ja” geantwoord. Daarteenoor stel die Skrif (en die belydenisskrifte en die Doopformulier) baie duidelik dat ons in sonde ontvang en gebore word.
- Het elke Christen die plig om by ‘n kerk aan te sluit? Die ‘nee” het met 56% hierdie saak gestel. Dit is duidelik dat daar ‘n antagonisme teenoor “kerk” is en dat mense sou wou dat lidmaatskap van die kerk opsioneel is. Hebreërs 10:25: “en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.”
- Waar of vals: Die Bybel is net soos ander antieke heilige geskrifte gevul met mites en vertellings wat leersaam is, maar nie letterlik waar is nie. Meer as 53% van volwassenes het met daardie standpunt saamgestem. Volgens al daardie mense (Christene) is die Bybel met ander woorde leersaam, maar nie die waarheid nie. 2 Timoteus 3:16: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,” stel duidelik die teendeel.
- Waar of vals: God aanvaar die aanbidding van alle gelowe; insluitend

die Christendom, Judaïsme en Islam. Meer as 56% van respondente het met die stelling saamgestem as ‘n waarheid. Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom by die Vader behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6)

- Daar is ‘n hele paar ander sake wat ook ter sprake kom in die artikel met ‘n duidelike tendens wat aangedui word. Mense se standpunte word al hoe meer deur media en drukgroepe bepaal as deur die Bybel self.

Die volle artikel is beskikbaar by https://thestateoftheology.com en dit is die moeite werd om die volle artikel en bevindings na te gaan.

Dit bring ons by ons eie situasie. Hoeveel mense glo nog dat die Bybel die Woord van God is? Dit help nie om na statistiek te kyk nie; die vraag is na die mense se woorde en dade. Enige ouerpaar wat hulle kind wil doop moet telkens erken dat hulle kind sondaar is. Daar is baie ouers en selfs predikante wat aanstoot neem indien babatjies sondaars genoem word. Hoe vol is die kerke? Wat praat die mense oor kerk en erediens bywoning? Dit het ‘n status simbool geword onder sekere mense om ons ‘kleinlike Calvinistiese herkoms’ te kritiseer of bevraagteken. ”Ons is mos almal grootmense in die 21e eeu”. Dit kan nie anders as dat ons tot min of meer dieselfde gevolgtrekkings kom as die opstellers van hierdie verslag nie.

Wat ook al die rede daarvoor, die gesag van die Bybel as God se Ewig-waar Woord en gesag is besig al hoe meer ondermyn te word. Die mense is besig om al hoe meer ‘n humanistiese en onbybelse etiek te bevorder. Die basiese aard van die mens as sondaar word totaal misken.

Die groot taak van die kerk na binne en na buite word deur hierdie skokkende statistiek onderstreep. Die kerk sal na binne moet katkiseer en leer. Dit roep lidmate tot toewyding in terme van erediens en toerusting geleenthede. Na buite sal die kerk ‘n verenigde front ten opsigte van apologetiek moet ontwikkel en betrokke raak by eerlike en robuuste gesprek om die suiwer Evangelie oorgedra te kry.

Dr Johan Otto, Premiermyn Hervormde Kerk.

## PERSVERKLARING

### GHG Persverklaring.

Die Geloofsbond van Hervormde gemeentes (GHG) is ‘n vrywillige groepering van Hervormde gemeentes wat hulself sien as die getroue voortsetting van die Voortrekker kerk. Histories het die gemeentes/kerke ontstaan toe die NHKA die pad teologies byster geraak het. Hierdie historiese band kom nou ter sprake. Die GHG bestuur het kennis geneem van die NHKA se pas afgelope 73e Algemene Kerkvergadering. Diegene wat tot leiersposisies verkies is, word met hulle verkiesing gelukgewens. Daarmee saam die belangrike vermaning om die taak gehoorsaam aan God, in gebed en met erns aan te pak. Die GHG wil namens almal in die GHG, en mense wat as steedsHervormers identifiseer, die hoop uitspreek dat die nuwe leierskap van die NHKA ontvanklik sal wees vir ‘n strewe na gesprek en normalisering. In die besonder is die hoop dat die onmin van litigasie nou tot ‘n einde kan kom.

Daar is baie besluite geneem tydens die 73e AKV wat kommer wek. Hierdie sake kan (hopelik) op ‘n later stadium in ‘n genormaliseerde gesprek met die NHKA opgeneem word. Die besluite wat direk op

die GHG betrekking het, moet egter nou reeds aangespreek word.
Een swaeltjie maak nie 'n somer nie, maar die swaeltjie is tog aanduiding van 'n komende seisoen. Die nuut-verkose voorsitter van die NHKA se 73e Kommissie van die AKV (KAKV) was voorsitter van die kernkomitee Teologie en hy het die eerste beskrywingspunt opgestel, gemotiveer en gestel. Die beskrywingspunt wat aanvaar is, stel dat die verhouding met die GHG eers kan normaliseer wanneer beskuldigings van dwaalleer en die Staat van Belydenis herroep is, en alle litigasie tot 'n einde gekom het. Die hoop word uitgespreek dat professor Dreyer na die AKV se begeerte geluister het. Die GHG is dit eens dat geen konstruktiewe gesprek moontlik is alvorens alle litigasie gestaak is nie. Die GHG het geen begeerte om by enige verdere litigasie betrokke te wees nie. Respekteer die vorige besluite van gemeentes en kom ons almal beweeg aan. Dit is nie die GHG wat nou die saak verder wil uitrek met verlof tot appèl en teeneise nie.
Daarmee saam is die Staat van Belydenis nie 'n dokument wat summier van die tafel gevee of lukraak teruggetrek kan word nie. Intense teologiese gesprek is noodsaaklik.
Die lang bespreking tydens die afgelope AKV oor die GHG en die litigasie was waarskynlik na aanleiding van die Koersvas Blitsberig (3 Oktober 2022). Dit het daartoe gelei dat twee aanvullende besluite geneem is wat die saak kompliseer.
Die eerste besluit dat die moontlikheid na gesprek ondersoek moet word, is aangevul met die versoek aan die Litigasiekomitee om in die lig van die gesprek die moontlikheid te ondersoek om wel te skik. Hierdie besluit kom teen die agtergrond van die NHKA se regspan se kennisgewing dat hulle wel hulself op die Appèlhof gaan beroep. Hierdie besluit om skikking te ondersoek, is 'n welkome wending. Die voorsteller as lid van die Litigasiekomitee, se inisiatief word positief ervaar. Die GHG is herhaaldelik op rekord dat daar 'n strewe na vrede moet wees.
Die tweede besluit is die AKV se versoek aan die KAKV. Die Kommissie word versoek om in amptelike gesprek met die GHG te soek na oplossings. Hierdie versoek word verwelkom. Dit is jammer dat dit net 'n versoek was en nie 'n opdrag nie. Die tweede opsie sou 'n meer dringende boodskap ten opsigte van normalisering en gesprek verteenwoordig.
Die GHG was nog altyd bereid tot gesprek. Dit het nie verander nie. Die Staat van Belydenis sal die basis kan vorm vir diepgaande teologiese gesprek. Die begin is egter **'n bereidheid tot gesprek.** Die lede van die Kommissie van die 73e AKV moet nou wys waar hulle staan ten opsigte van vrede en gesprek.

## BERIGTE

In die vorige Koersvas (#206 23 September 2022) is daar verwys na die sogenaamde teologiese verwerping van die Staat van Belydenis deur die NHKA. Die tweede deel van die dokument soos opgeneem in die Agenda vir die 73e AKV word vervolgens bespreek:
5. ONTLEDING VAN DIE STAAT VAN BELYDENIS
Die sake wat in die Staat van Belydenis gestel word, is op die GHG se webblad (www.geloogfsbond.org.za) beskikbaar en ook in die meeste gemeentes se boekery. Die opsomming en die

uitgebreide dokumente is ook beskikbaar. Die opsomming is opgestel om die dokument meer toeganklik te maak vir alle mense. Die beredenering van die sewe sake wat in die Staat van Belydenis aangespreek word, is vryelik beskikbaar, soos opgeneem in die uitgebreide dokument. Die teoloog wat werklik erns wil maak daarmee, sal die uitgebreide dokument onder oë neem en vanuit daardie dokument argumente voer. Die persoon wat bloot die verkorte dokument opneem en dan daarop kritiek en repliek lewer, is dom, opsetlik, lui, oneerlik of stel nie belang om die waarheid te hoor nie.

Die motivering wat daar by die NHKA heers tot die verwerp van die Staat van Belydenis, is onduidelik. Een saak is duidelik, Dreyer maak net soos die ander NHKA ampsdraers wat reageer op die Staat van Belydenis. Hulle gebruik die verkorte dokument en hanteer dit asof dit die volledige dokument is. Hulle maak nie erns met die teologiese agtergrond of redenasies nie. Die verkorte dokument word dan verwerp deur gebruik te maak van strooipoppe en ander baster-argumente. Die doel blyk nie te wees om te leer en self-ondersoek te doen nie, maar om eie situasie en standpunte te regverdig, dit ten koste van ernstige oproepe tot nederigheid en self-ondersoek. Die volledige Staat van Belydenis eindig met die woorde: "*Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord.*"

Tog weier Dreyer en die NHKA om eers grondige ondersoek na die Skrif en die self in te stel. Dit is jammer. Die repliek op Dreyer se argumente, soos verwoord in die Agenda vir die 73e AKV, moet teen hierdie agtergrond gesien word. Hy haal eers die verkorte Staat van Belydenis aan. Ons gaan aanbeweeg na sy reaksie toe. Al sou dit moontlik wees om dieselfde oefening met elkeen van sy 'weerleggings' te doen, gaan ons net die eerste en die sewende saak uitlig. Enige een van die twee is genoeg te wys op die dwaling wat gehandhaaf word.

**Staat van Belydenis Saak 1:** *Die mens is beelddraer van God ten opsigte van 'n verhouding met God, 'n opdrag van God en verantwoordelikheid teenoor God. Die BAKV se besluit dat daar geen vreemde leer teenwoordig is in 54/69, is nie korrek nie. Die beeld van God is nie in die mens nie. Ons bely die Godheid van Christus en ook sy menswording; sy twee nature (ware mens, ware God); sy maagdelike geboorte; sy plaasvervangende en versoenende dood aan die kruis. In Christus is God, nie in die mens nie. Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n vreemde teologiese konsep as waarheid aanvaar het deur te stem dat die beeld van God in die mens is. Ons roep lidmate en ampsdraers van die NHKA daartoe op om te erken dat die mens volkome sondaar is en dat ons redding buite onsself in Jesus Christus is.*

**Bespreking:**

Hierdie reaksie is slegs kursories en die bespreking verdien 'n diepgang wat net in eerlike teologiese gesprek ontgin kan word. Eers uit die volledige dokument die volgende: Hier is daar vele sake wat ter

sprake kan wees. Dit is veral die Verlossingsleer en die leer oor Christus wat ter sake is. Die besluit (54/69) soos bekragtig, verbeeld duidelik ‘n vreemde teologie wat herinner aan die Gnostiek en Genitief-teologie. In die Beswaarskrif word die volgende gestel oor die stelling dat die “beeld van God in die mens is”: Die *imago Dei* vind gevolglik uitdrukking in die mens se handeling teenoor God. Die mens moet God reg ken, dank en prys. Hierdie regte verhouding met God staan bekend as die *iustitia originalis*. Indien ‘n mens die *iustitia originalis* as die regte verhouding met God verstaan (as eksistensie van Godsweë), kan dit as ‘n interpretasie van die beeld van God geld. Dit mag egter nie gebeur dat hierdie oorspronklike toestand oftewel die i*mago Dei* ‘n kwaliteit/eienskap van die mens, ‘n woonplek van God word nie. Die konsep van die beeld van God as iets in die mens, is vreemd aan die verlossingsleer. Die gevolge van so ‘n verstaan is onder andere dat die beeldskap nie as verhouding verstaan word nie, maar as deel van die mens se diepste wese (**ontologies/essensieel**). Die mens, of ‘n deel van die mens, is nou beeld van God. Só verstaan, het die mens nie ‘n Redder nodig nie, net ‘n voorbeeld. As alternatief beteken dit dat die mens net gedeeltelik ‘n verlosser nodig het.

Die gedagte is nie vreemd in die geskiedenis nie (Irenaeus het reeds die onderskeid getref tussen *imago* en *similitudo* en gestel dat die sondeval die *similitudo* vernietig het, maar dat die *imago* onvernietigbaar is). Die konsep is vreemd aan die Reformasie en strydig met ons Belydenisskrifte (NGB Artikels 14 en 15 asook HK So 2 en 3). Die mens is geskep na die beeld van God. Die mens is beelddraer van God ten opsigte van ‘n verhouding met God en het ‘n opdrag en verantwoordelikheid. Die BAKV se besluit dat daar geen vreemde leer teenwoordig is in 54/69 nie, is nie korrek nie. Die beeld van God is nie in die mens nie. Die mens het nie die een of ander goddelike vonk, ’n *habitus* van God in die mens nie. Geen mens kan God se beeld in ’n ander mens skaad nie.

Dit bly merkwaardig dat daar in die kringe rondom die KommAKV en die Teologiese Opleiding skynbaar geen waardering bestaan vir die teologiese erfenis van ons Kerk nie. Die hele wye wêreld se teoloë word in hulle geskrifte aangehaal, maar dit is skynbaar 'n skande om terug te verwys na die teologiese werke van die gelowiges en ampsdraers wat ons voorgegaan het in ons Kerk.

Hier kan verwys word na die proefskrif van prof. HP Wolmarans, *God en Mens. Die Mens naar die beeld van God,* 1932. Hier verwys Wolmarans (bl. 123) na die Duitse teoloog, Schleiermacher, 1768 - 1834, wat praat van die mens as die beeld van God en so by 'n panteïsme uitkom. Dit is maar 'n graadverskil van die beeld van God in die mens. Tog merkwaardig: as daar kennis was van die teologiese erfenis in ons eie kerk, sou hierdie dwaling vermy kon gewees het. Maar aan die ander kant is dit seker vir die meester ontginners van die waarheid van God se openbaring onmoontlik om te aanvaar dat die waarheid van God se openbaring reeds in Afrikaans tot hulle beskikking is.

Ons verklaar daarom dat ons in ‘n staat van belydenis is omdat die AKV ‘n vreemde teologiese konsep aanvaar het deur te stem dat die beeld van God in die mens is. Die **Soteriologiese en Christologiese gevolge** is verreikend. Ons distansieer ons van hierdie vreemde konsep en verstaan dit as ‘n dwaling en ‘n neiging tot Gnostiese denke. Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke en verklaar dat ons bly by die ware geloof wat die kerk bely. Ons roep die AKV daartoe op om opnuut die totale verlorenheid van die mens te bely en

enige gedagte van die beeld van God in die mens te versaak. Hierdie woorde het geen impak op die NHKA geleerdes gehad nie.
Dreyer stel in sy verweer die volgende: "*Die beeld van God is nie in die mens nie Die NHKA bely dat die mens volkome sondaar is en dat ons vir ons redding volledig van God se genade in Jesus Christus afhanklik is. Die Staat van Belydenis interpreteer Besluit 54/69 van die 69ste AKV op 'n wyse wat strydig is met die bedoeling van die besluit*."

Die vraag moet nou gestel word na die betekenis en bedoeling van die sinsnede: *"die beeld van God in mense aantas*". In watter heelal kan hierdie woorde een ding sê en 'n ander bedoel. Die woorde is tog duidelik. Dreyer self stel dat die beeld van God nie in die mens is nie. Hy redeneer verder: *Op grond van omvangryke studiestukke en deurtastende bespreking tydens die BAKV is die standpunt van die Staat van Belydenis verwerp.* Dreyer se keuse van woorde is onkundig of ongelukkig. Die Staat van Belydenis is nooit deur enige AKV of BAKV van die NHKA hanteer nie. Dit was die beswaarskrif wat nie gehandhaaf is nie. Sy kronologie is willens en/of wetend nie korrek nie en/of hy wil aandui dat die BAKV vooruitskouend die Staat van Belydenis verwerp. Dit is 'n mistasting. Die BAKV het die besluit (54/69) en daarom die inhoud gehandhaaf. Met ander woorde die bewoording van besluit 54/69 word gehandhaaf. Daarmee saam is dit belangrik om, die strategie tydens die BAKV aan te dui. Die **beswaarskrif is nooit aan die BAKV gestel** nie. Daar was vier vrae gestel en die BAKV het oor die vier vrae gestem. Aan die einde het die voorsitter gestel dat die Beswaarskrif verwerp word omdat die BAKV op 'n sekere manier gestem het. Dit dien weer gestel te word: **Die BAKV het oor vier vrae gestem en nooit oor die Beswaarskrif self nie.** Om daaruit af te lei dat die Beswaarskrif grondig oorweeg en verwerp is, is bietjie dik vir 'n daalder. Dieselfde geld die Staat van Belydenis. Dit is twee dokumente wat in die redenasies van Dreyer in mekaar vloei. Elk is dokument in eie reg.

Dreyer maak in sy stuk wel die onderskeid deur te stel dat die standpunt van die Staat van Belydenis verwerp is. Dit moet egter lees die standpunt van die Beswaarskrif. Die volgende saak wat vermeld moet word, is dat verwys word na omvangryke studiestukke. Hierdie studiestukke is opgestel deur 'kundiges' wat deur die Kommissie met die studiewerk getaak is. Die beswaardes het geen inspraak gehad in die kundiges wat genader is nie. Die twee persone wat die beswaardes se standpunt ondersteun het, se studiestukke is uitrangeer en ignoreer. Dit is skokkend dat die uiters kundige professor Ben Engelbrecht se standpunt nie met erns benader of oorweeg is nie. Hy het nie net die teologiese foute in besluit 54/69 uitgewys nie, maar ook aangedui dat **handhawing van daardie besluit kan uitloop op 'n status Confessionis**.

Dreyer stel volgende: *Die Woord leer ons dat die mens na die beeld van God geskep is (Genesis 1: 26). Met die sondeval is die beeld van God in die mens verduister. Christus het egter die beeld van God in ons herstel. Deur die wedergeboorte en as gelowige kinders van God is ons geroepe om die beeld van God in die wêreld te vertoon. In die Bybel is daar verskeie uitdrukkings wat hiermee verband hou: * Die doop is die teken dat ons met Christus een is in sy dood en opstanding. Ons opstanding tot 'n nuwe lewe, in en deur*

*Jesus Christus en deur die krag van God (Romeine 6), beteken dat ons weer beelddraers van God is.*

Dit lui anders as die woorde van die besluit dat sekere optrede die beeld van God in die mens skaad. Dit is waar dat die mens beelddraer van God is. Wat dit presies beteken, sal ons nooit hierdie kant van die wederkoms kan weet nie. Daar is geheimenisse wat ons net gedeeltelik kan ken en hierdie is een van hulle. Tog kan ons sekere sake aandui wat tog lig werp op die term.

Dit sal goed wees om by die begin te begin: Strongs se woordeboek dui die twee woord gebruik (vir beeld van God) in Genesis 1:26 as volg aan:

- **צֶלֶם** – tselem - tseh'-lem - From an unused root meaning to shade; a phantom, that is, (figuratively) illusion, resemblance; hence a representative figure, especially an idol: - image, vain shew. Dit is ook hierdie woord wat in vers 27 twee keer gebruik word.
- **דְּמוּת** - demûth - dem-ooth' - resemblance; concretely model, shape; adverbially like: - fashion, like (-ness, as), manner, similitude.

Dit is '**צֶלֶם** – tselem' wat in vers 27 twee keer gebruik word. Dit is logies om te aanvaar dat hier nie twee konsepte naas mekaar of aanvullend tot mekaar geplaas word nie, maar dat sinonieme gebruik word. Op die manier word die aard van die mens beklemtoon as wese in 'n besondere verhouding met God.

Die Here is klaar met die skepping (Genesis 1:25) en die aandag verskuif in die skeppings-vertelling na die kroon van die skepping; die mens. Aan die een kan is die mens stof, soos alle ander skepsels. Aan die ander kant is die mens geskep na God se gelykenis, na Sy beeld, in verhouding met God.

'n Eerste lees van die teks sou die leser dalk daartoe kon lei om te dink dat hierdie beeldskap in die oorheersing en regering van die natuur opgesluit is; "*en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip*." Dit is belangrik om raak te sien dat hier 'n ander band gelê moet word. Die mens se beeldskap kom nie uit in die oorheersing oor die natuur nie. Die mens gaan onder andere heers omdat hy na God se beeld geskep is. Die beeldskap van die mens is eerstens 'n saak wat 'n besondere verhouding met God wil aandui.

Daarmee saam is dit belangrik om te sien dat die hele mens deur hierdie stelling betrek word. Dit sluit in man en vrou, persoonlikheid, liggaam, siel en gees. Die mens in sy volle wese is geskep na die beeld van God. Om in verhouding tot God geskep te wees, beteken dat dit vir ons moontlik is om met God te kommunikeer. Dit beteken ook dat ons SY heiligheid kan begryp; al is ons skuldig aan vergrype. Verder het ons 'n snars van begrip ten opsigte van die ewigheid en die dinge wat verhewe is. Diere bestaan sonder hierdie bewussyn. Die mens se kreatiewe (en veral die nie-funksionele skeppings soos kuns) is aanduiding van die mens wat met die Skepper in verhouding staan.

Een bron (https://biblesupport.com) stel dat die beeld van God sekere sake impliseer te wete dat die mens 'n redelike wese is, bewus is van homself, reg en verkeerd kan onderskei, met God kan

kommunikeer en die kapasiteit het om gered te word. Al hierdie eienskappe wys daarop dat die mens wel uit stof gemaak is soos die ander skepsels, maar dat die mens ook in verhouding met God geskep is (na Sy beeld).

Daar moet ook gelet word op die doelmatigheid van hierdie skepping van die mens. Die mens is geskep om in ‘n verbondsverhouding met God te kan bestaan. Die sondeval het hierdie bestemming van die mens skade aangedoen (beeld van God vertroebel) deur die geregtigheid en heiligheid waarin die mens bestaan het, te breek. Jesus Christus se koms het die mens se heiligheid en geregtigheid voor God herstel.

Dit is belangrik om raak te sien dat hierdie karaktereienskappe van die mens (na die beeld van God) impliseer dat die mens altyd in verhouding met God sal wees, selfs al ontken die mens dit of verwerp die mens God totaal. Die woorde van besluit 54/69 sou met ander woorde kom gewees het dat sekere optredes die mens as beelddraer van God skaad. Wat geskryf is, is geskryf. Die besluit word gehandhaaf. Die besluit verwys na sekere optredes <u>as dat dit die</u> <u>beeld van God in die mens skaad</u>.

Dreyer se volgende punt :

** Met Pinkster is die gelowiges vervul met die Heilige Gees. Die Doop bevestig dat die Heilige Gees steeds in elkeen van ons woon. Die Gees van God maak dit moontlik dat ons 'n nuwe lewe van geregtigheid en gehoorsaamheid lei, om so die beeld van God te vertoon. Dit is teologiese haarklowery om te verskil daaroor of die beeld van God in die mens is terwyl die Woord helder en duidelik verkondig dat God self in ons woon deur sy Gees.*

Hierdie redenasie hou nie water nie. Dit is waar dat die Heilige Gees in ons as gelowiges woon. Tog moet ons duidelik stel dat ons daarom die opdrag het om ons verhouding (beeld) met God uit te lewe. Dit sou beteken dat die bewoording van besluit 54/69 moet stel dat ons as beelddraers alle skepsels met respek en waardigheid moet behandel. Ongelowiges het nie die Heilige Gees in hulle nie. Hierdie is meer as blote ‘haarklowery’. Die Gees se inwoning dring ons tot ‘n sekere lewenswyse. Nie alle mense het die Gees in hulle nie. Hierdie is ‘n kulkunsie om die inwonende Gees van God se inwoning in ons op hierdie manier te verdraai in ‘n poging om sy standpunt te regverdig. Die Gees van God woon in Christene, gelowiges wat met God in verhouding staan. SY Gees woon **nie in alle mense** nie.

*Daarby het Luther tydens die Kerkhervorming die reformatoriese mensbeskouing geformuleer met die woorde simul iustus et peccator. Die mens is tegelykertyd volledig geregverdig én volledig sondaar. Die beeld van God is tegelykertyd verduister én herstel. Daarom word die uitdrukking beeld van God in die mens inderdaad net so in die geskrifte van leiersfigure van die Reformasie gevind: Melanchthon, Calvyn en Ursinus (die opsteller van die HK). Die NHKA het nog nooit met enige besluit of uitspraak te kenne gegee dat die mens homself kan red nie. Die Kerk bely konsekwent dat die mens se enigste heil in Christus te vind is.*

Hierdie stelling word nie gestaaf met aanhalings uit die groot geeste van die verlede nie. Net omdat iemand ‘n groot leier is, beteken dit nie dat daardie persoon foutloos is nie. Luther se standpunt verskil baie van Calvyn s’n

rakende die Nagmaal. Die mens wat gered is, is inderdaad gelyk sondaar en geregverdig. Die sondaar se aard kom vele male uit in ons optredes, selfs teenoor ander mense. Dit impliseer geensins dat die beeld van God in die mens is nie.

Dit is hartseer dat die waarheid van die Evangelie ten dienste van 'n politieke ideologie gestel word. **Die handhawing van 'n besluit ten koste van die waarheid is inderdaad dwaling**. Die gevolgtrekking waartoe die woorde 'beeld van God in die mens" lei kan kwalik iets anders wees as dat die mens met goddelike vonk bestaan en dus nie 'n volle Verlosser nodig het nie.

Net om dit weer te beklemtoon: Hierdie reaksie is slegs kursories en die bespreking verdien 'n diepgang wat net in eerlike teologiese gesprek ontgin kan word. In die tussentyd is hierdie goeie teologiese redes ter ondersteuning van die Staat van Belydenis.

**Staat van Belydenis Saak 7**: *Eksodus 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie". Die negende Gebod vereis van ons om in alle gevalle die waarheid te koester en die leuen te verwerp, ongeag omstandighede en die prys wat betaal moet word. Indien die Kerk die negende gebod oortree, het die Kerk homself begin sien as 'n grootheid wat uitstyg bokant God en God se Gebod. Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV die oortreding van die negende gebod goedkeur en so die kern van die evangelie aantas. Die Kerk moet erken dat die 68ste AKV geen besluit oor politieke beleid geneem het nie. Die AKV moet beide die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69ste AKV, asook die opvolg besluit van die BAKV, onvoorwaardelik herroep*.

Dreyer stel: *Die Staat van Belydenis beskuldig die AKV en die Hervormde Kerk dat lidmate bedrieg word deur leuens as die waarheid voor te hou. Die punt waaroor dit gaan, is of Besluit 54/69 vorige vergaderings se besluite korrek aangehaal het. Met hierdie beskuldiging verhef die ondertekenaars van hierdie verklaring nogmaals 'n middelmatige saak tot uitsluitlike toetssteen vir die waarheid.*

Eers die feite: Die beskrywingspunt wat in 2007 ter sprake gekom het en die voorstel wat daaruit gevloei het, kan met die volgende woorde uit die besluit, soos opgeneem in die notule, aangedui word: "*Die saak word terugverwys vir verdere studie. Die volgende voorstel van drr PB Boshoff en FJ Boshoff <u>word in ag geneem</u>: Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat. Dit lê nie op die weg van die Algemene Kerkvergadering om politieke beleide goed, of af, te keur nie. Hierdie erkenning beteken nie dat die Algemene Kerkvergadering die huidige of moontlike toekomstige beleid goedkeur nie*."

Dit is wat staan in die goedgekeurde Notule van die 68e AKV. Daar was met ander woorde nie so 'n besluit geneem soos verwoord in besluit 54/69 nie. Die Beswaarskrif het die fout duidelik uitgewys. Die "feitefout" het verword tot die leuen wat gehandhaaf word en het sodoende 'n oortreding van die negende gebod geword. Daarmee saam is die **Kommissie van die 68e AKV op rekord**

dat hulle op **navraag van die raad vir Ekumene** reageer het met die antwoord dat dit **nie 'n besluit is van die 68e AKV nie**, maar wel 'n saak wat vir gesprek en ondersoek terug verwys is. Die brief is in die argiewe gevind en kan as bewysstuk opgediep word. Dit is die feite. Die feite weerspreek enige verweer en dui aan dat die inleiding 'n belangrike sleutel tot die inhoud van die besluit is. Dit dui op 'n kontinuïteit tussen die 68e AKV en die 69e AKV wat gewoon nie bestaan nie. Die woord "Aangesien" kan geen ander manier interpreteer word nie. Dit impliseer kontinuïteit met vorige besluite en impliseer dat wat volg korrek is. Daarteenoor is die besluit wat geneem is, reglynig teenoor besluite in die verlede geneem. "Aangesien" is met ander woorde meer as misleidend, dit is van die waarheid verwyderd.

Dreyer weer aan die woord: *Nadat die BAKV aan die hand van geskrewe memoranda en mondelinge voorleggings die argumente teen die inleidende sin tot Besluit 54/69 oorweeg het, het die vergadering met 'n tweederde meerderheid besluit dat die besluit nie daardeur ongeldig gemaak is nie.*

Hierdie sin wys op die impak wat die leuen het. Die handhawing van die leuen vereis ook dat daar meer leuens verkondig moet word. Dit is waar dat daar geskrewe memoranda en mondelinge voorleggings voor die BAKV gestel is. Dit is ook waar dat die besluit wat geneem is, met 'n twee derde meerderheid geneem is. Dit is waar die waarheid eindig. Die besluit wat geneem is, is nie dat die bewoording nie die besluit ongeldig maak nie, maar dat besluit 54/69 nie *ultra vires* is nie. Dit was die een vraag wat wel in lyn was met die besware van die Beswaarskrif. Dit is met ander woorde nie korrek om te stel dat die bewoording nie die besluit ongeldig maak nie, dit is 'n afleiding wat gemaak word na aanleiding van die besluit wat geneem is.

Die *ultra vires*-aard van die besluit is reeds aangedui. Dit maak die besluit een wat op die leuen gebou is. Om nou afleidings te maak op grond van die BAKV se besluit, maak nie daardie besluit geldig nie. Daar is meer as een maal verwys na die feit dat jy nie regter in jou eie saak kan wees nie. Daar is al voorheen verwys na Joël Fourie se waarskuwing voor die stemmery dat dit vir die NHKA in die litigasie (wat aan die gang was) sleg sal wees indien die AKV besluit dat besluit 54/69 *ultra vires* is. Ampsdraers het in lojaliteit en solidariteit met die NHKA gestem, nie volgens die feite wat voor hulle was of volgens gewete nie.

Dreyer stel vervolgens: *Die nuwe besluit waarmee die BAKV Besluit 54/69 vervang het, en die Kerk se teologiese regverdiging van apartheid herroep het, word boonop glad nie deur die voorgaande geraak nie.*

Dit is nie korrek nie. Die sogenaamde BAKV het besluit 54/69 gehandhaaf en 'n opvolg of aanvullende besluit geneem. Dit is reeds tydens die BAKV duidelik gestel dat enige besluit daar geneem moet verstaan word as 'n besluit ter verduideliking of ter aanvulling van besluit 54/69. Dit is in daardie gees wat die sogenaamde vier vorige voorsitters-besluit geneem is. Besluit 54/69 word onverkort en onveranderd gehandhaaf en is ook die basis wat gebruik is vir verdere gesprek met ekumeniese organisasies. Dit is met ander woorde nie korrek om te stel dat die BAKV besluit die voriges ophef nie.

Daarmee die feite en geskiedenis. Kom ons gaan kyk nou teologies na die saak en oorweeg die erns van die besluit teen die erns van die waarheid en daarmee saam die geldigheid daarvan om so hierdie saak as deel van die Staat van Belydenis in te sluit. Dreyer stel: *“Met hierdie beskuldiging verhef die ondertekenaars van hierdie verklaring nogmaals 'n middelmatige saak tot uitsluitlike toetssteen vir die waarheid.”*

Uit die bespreking van feite en die geskiedenis is dit duidelik dat 54/69 op leuens gebou is en deur leuens gehandhaaf word. Die vraag wat gestel moet word is na die aard van die waarheid. Is dit ‘n middelmatige saak of is dit een van wesentlike belang? Is ‘n middelmatige saak die uitsluitlike toetssteen vir die waarheid of **is die waarheid ‘n belangrike toetssteen vir getrouheid aan die Evangelie**?

Pilatus se vraag kan hier herhaal word naamlik; wat is waarheid? Ons lees in Johannes 18:37-38: “*Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog ‘n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek ‘n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom,* ***om vir die waarheid te getuig****. Elkeen wat uit* ***die waarheid is****, luister na my stem. Pilatus sê vir Hom****: Wat is waarheid****? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie*” (eie klem).

Die waarheid is met ander woorde baie meer as net die saak soos verwoord in die Tien Gebooie. Daar is baie meer op die spel as bloot die oortreding van die negende gebod. Daar is teoloë wat sou redeneer dat slegs sake van die eerste tafel van die Wet (verhouding met God) opgeneem kan word in enige staat van belydenis. Daar is ook teoloë wat die standpunt handhaaf dat oortreding en verdraaiing van enige punt van die Tien Gebooie ‘n staat van belydenis regverdig. Hier is meer as net die eerste- of tweede tafel van die Wet ter sprake.

‘n Uittreksel uit die Evangelie van Johannes sal dit baie duidelik maak dat die waarheid meer as net kosbaar is: *Johannes 1:14 “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.” Johannes 4:24 “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.” Johannes 14:6 “Jesus antwoord hom:* ***Ek is die weg en die waarheid en die lewe****; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Johannes 14:17 “die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” Johannes 16:13 “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig*.”

Jesus identifiseer met die waarheid tot op die vlak van wesenskenmerk. Om in teologiese konteks die waarheid te versaak is om Jesus te versaak. Om dan die waarheid te sien as middelmatige saak is roekeloos.

Hierdie kort opmerkings dui duidelik daarop dat daar geen ruimte vir die leuen

in die Evangelie is nie. Enige verheffing van leuens is verloëning van Christus en dit regverdig ‘n *status Confessionis*.

Dreyer sluit af met: *SLOT Op grond van bogenoemde bespreking is versoening tussen die Hervormde Kerk en die Geloofsbond moeilik en onwaarskynlik, tensy die Geloofsbond die Staat van Belydenis en die beskuldiging van dwaalleer herroep. Dit is egter hoogs onwaarskynlik, want dit sou die bestaansgrond van die Geloofsbond ondermyn. Om die bestaan van die Geloofsbond en kerkskeuring te regverdig, moet die Hervormde Kerk steeds die ketterkerk bly. Dit maak versoening besonder moeilik, selfs waar dit die Nagmaal betref. Die uitnodiging na die Nagmaal is bedoel vir almal wat op dieselfde belydenisgrondslag as die Hervormde Kerk staan. Bloot objektief gesien, impliseer die bestaan van die Staat van Belydenis dat die Hervormde Kerk en die Geloofsbond nie dieselfde belydenis onderskryf nie.*

Uit hierdie uitspraak is dit duidelik wat die nuwe leier van die NHKA se standpunt is. Die GHG is verskeie kere op rekord as dat ons graag in gesprek sou wou tree en veral om ‘n skikking te bereik ten opsigte van litigasie.

### LITIGASIE

Die blitsberig van 3 Oktober 2022 is op die webwerf beskikbaar vir lesers. Verdere inligting sal aangestuur word sodra dit beskikbaar is.

## KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023

*Te midde van stygende koste kon ons daarin slaag om die prys per eksemplaar te beperk tot* ***R150.*** *U word aangemoedig om hierdie gewilde publikasie steeds te ondersteun. Daar is 'n magdom oordenkings beskikbaar op die sosiale media. Hierdie boek is gevul met wel-deurdagte oordenkings. En dit teen 41 sent per dag! Predikante word bedank vir hulle getroue medewerking. Ons dank u vir u toegewyde werk en uitstekende* oordenkings.

Gemeentes en enkelinge word aangemoedig om hulle bestellings betyds te plaas om teleurstelling te voorkom. **BESTEL VOOR OF OP 25 OKTOBER 2022. Die keerdatum is met ander woorde volgende week Woensdag.** Kontak u kerkkantoor of Ella. Adres en advertensie hier onder;

### DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*


Lewensbrood 2023-2024
R150-00
Sluitingsdatum vir bestellings is
25 Oktober 2022
As u in ‘n Geloofsbond gemeente
is, bestel deur u gemeente.
Alternatiewelik bestel by Ella
ella@geloofsbond.org.za of 082 564 1915